basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**BSTD.2**

**BESIGHEIDSTUDIES V2**

**NOVEMBER 2020(2)**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

# OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| **AFDELING** | **VRAAG** | **PUNTE** | **TYD (minute)** |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **30** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **30** |
| | **3** | **40** | **30** |
| | **4** | **40** | **30** |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | **30** |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie beleggingsvorm vereis dat 'n minimum bedrag van R1 000 belê moet word:

A Effektetrusts
B Aandele
C RSA-kleinhandelspaareffekte
D Vaste deposito's

1.1.2 KDG versekeraars het die beginsel van … toegepas toe hulle Gerald Handelaars vergoed het vir verliese gely as gevolg van inbrake.

A uiterste goeie trou
B skadeloosstelling
C sekuriteit
D versekerbare belang

1.1.3 Henko het die terugvoeringsessie op 'n professionele manier hanteer toe hy …

A op vrae gereageer het sonder om te luister.
B 'n geldige opmerking uit die gehoor geïgnoreer het.
C die persoon en nie die vraag nie aangespreek het.
D beleefd op vrae uit die gehoor gereageer het.

1.1.4 Food For All Bpk. het … as een van hulle fokusareas vir korporatiewe maatskaplike investering (KMI) geïdentifiseer.

A besigheidsetiek
B landelike onwikkeling
C gesondheid en veiligheid
D diensgelykheid

1.1.5 'n Grieweprosedure vereis dat 'n gegriefde werknemer eers die saak aan sy/haar … sal rapporteer.

A toesighouer
B werkvloerverteenwoordiger
C senior bestuur
D vakbond (5 x 2) (10)

1.2. Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| maatskappy sonder winsoogmerk; inligting; misleidend; 'blue chip'; privaatheid; koöperasie; besluitneming; stigters; onbillike; probleemoplossing |

1.2.1 Die aandeelhouers van … aandele ontvang betaling laaste as die maatskappy bankrot verklaar word.

1.2.2 Tim Vegetables en Anna Fertilisers het besluit om saam te werk tot die gemeenskaplike voordeel vir hulle lede. Dit is 'n voorbeeld van 'n …

1.2.3 Roxy Ingelyf respekteer die werknemers se reg tot … deur nie hulle persoonlike inligting aan ander besighede te verskaf nie.

1.2.4 'n Voorbeeld van … reklame word getoon wanneer 'n advertensie sekere dele van die bevolking uitsluit.

1.2.5 Die praktyk waar verskeie alternatiewe oorweeg word voordat die beste oplossing gekies word, staan as ... bekend. (5 x 2) (10)

1.3. Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Charismatiese leierskapstyl | A gee riglyne aan besigheide oor hoe om take aan spanlede met dieselfde persoonlikheidseienskappe toe te ken |
| 1.3.2 Padongelukkefonds | B spanlede deel hulle idees hardop in 'n groep |
| 1.3.3 Grafieke | C leiers vergoed hulle werknemers vir doelwitte bereik |
| 1.3.4 Nominale groeptegniek | D toon die voorkoms van data in 'n skematiese voorstelling |
| 1.3.5 Spandinamika-teorieë | E vergoed voetgangers vir beserings opgedoen as gevolg van nalatige bestuurders |
| | F toon die verhouding tussen twee stelle veranderlikes |
| | G leiers gebruik hulle persoonlikheid om werknemers te inspireer en te motiveer |
| | H gee riglyne aan besighede oor hoe om take volgens die spanlede se rolle toe te ken |
| | I spanlede genereer stilweg idees op hulle eie voordat hulle dit met ander groeplede deel |
| | J vergoed werknemers vir besering in die werkplek opgedoen |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige DRIE voorbeelde van nieversekerbare risiko's. (3)

2.2 Beskryf kortliks die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (die JSE). (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **YABO HANDELAARS (YH)** |
|---|
| Yabo Handelaars het hul besigheidsvoertuig vir R300 000 verseker terwyl die werklike waarde R400 000 is. Die voertuig was in 'n ongeluk betrokke wat skade tot die bedrag van R30 000 tot gevolg gehad het. |

2.3.1 Noem die versekeringsklousule wat op YH van toepassing is in die scenario hierbo. (2)

2.3.2 Bereken die bedrag wat Yabo Handelaars vanaf die versekeraar as vergoeding moet ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.4 Verduidelik die verskil tussen *beperkte aanspreeklikheid* en *onbeperkte aanspreeklikheid.* (4)

2.5 Bespreek die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **NAVEED VERVAARDIGERS (NV)** |
|---|
| Mohammed is 'n nuutaangestelde bestuurder by Naveed Vervaardigers. Hy het sy werknemers versoek om insette te lewer oor hoe hulle die produksiekoste van NV kan verminder. |

2.6.1 Identifiseer die leierskapstyl wat deur Mohammed gebruik is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.6.2 Stel DRIE situasies voor waarin die leierskapstyl wat in VRAAG 2.6.1 geïdentifiseer is, toegepas kan word. (6)

2.7 Evalueer die impak van videokonferensies as 'n visuele hulpmiddel. (6)
**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem DRIE beginsels van die King-kode vir goeie korporatiewe bestuur. (3)

3.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **GIANT ONDERNEMING (GO)**
>
> Candice, die spanleier by Giant Onderneming, wil die konflik in haar verkoopspan oplos. Spanlede kritiseer gedurig mekaar se idees, wat hulle vordering vertraag.

3.2.1 Identifiseer die stadium van spanontwikkeling wat die verkoopspan ervaar. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.2.2 Gee Candice raad oor hoe sy konflik in die werkplek kan hanteer. (6)

3.3 Verduidelik hoe misbruik van werktyd uitdagings vir besighede inhou. (6)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **ASANDA MELKERYE (AM)**
>
> Asanda Melkerye het van hul surplusfondse in die gemeenskap belê. Hulle bied beurse aan vir voorheen benadeelde studente. AM gebruik ook herwinbare houers om hul melkprodukte te verpak.

Identifiseer enige TWEE elemente van die drievoudige sleutelaspekte wat op AD van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.4 te beantwoord.

| ELEMENTE VAN DRIEVOUDIGE SLEUTELASPEKTE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.5 Verduidelik maniere waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van hul werknemers te bevorder. (6)

3.6 Bespreek die voordele van die Delphi-tegniek wanneer komplekse besigheidsprobleme opgelos word. (4)

3.7 Stel maniere voor waarop besighede die omgewing en menslike gesondheid in die werkplek kan beskerm. (6)
**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige TWEE tipes leierskapsteorieë. (2)

4.2 Identifiseer die soort voorkeuraandeel wat Theta Beperk aan aandeelhouers in ELKE stelling hieronder aanbied.

4.2.1 Aandeelhouers kan hul aandele na 'n sekere tydperk aan Theta Beperk terugverkoop.

4.2.2 Vorige dividende wat nie uitbetaal is nie as gevolg van lae winste, sal nie vergoed word nie.

4.2.3 Aandeelhouers is daarop geregtig om in enige surplus-wins van die maatskappy te deel. (6)

4.3 Verduidelik die voordele van versekering vir besighede. (4)

4.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TRIO ONDERNEMING (TO)**

Zama, die bemarkingsbestuurder van Trio Onderneming, berei voor om 'n besigheidsverslag vir al die belanghebbendes aan te bied. Hy is ten volle vertroud met die doelwitte van die aanbieding. Zama het ook visuele hulpmiddels ontwikkel wat sy inligting sal ondersteun en verbeter.

4.4.1 Haal TWEE faktore aan wat Zama tydens die voorbereiding van sy aanbieding in die scenario hierbo in ag geneem het. (2)

4.4.2 Gee Zama raad oor die faktore wat hy tydens die aanbieding in ag moet neem. (6)

**BESIGHEIDSROLLE**

4.5 Noem enige DRIE sosiale regte van werknemers in die werkplek. (3)

4.6 Brei uit oor die betekenis van *kommunikasie* as een van die kriteria vir suksesvolle spanprestasie. (4)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **JACOB KONSTRUKSIES (JK)** |
|---|
| Die bestuur van Jacob Konstruksies wil die struktuur van hulle besigheid verander. Hulle het werknemers gevra om die voordele en nadele van die voorgestelde verandering te evalueer. Werknemers is aangemoedig om kreatiewe denke tydens die bespreking van die verandering toe te pas. |

4.7.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat JK toegepas het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

4.7.2 Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (4)

4.8 Stel maniere voor waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan aanpak. (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (ONDERNEMINGSVORME EN BELEGGING)

| |
|---|
| Die kriteria vir die sukses of mislukking van privaat maatskappye is meer aanloklik as dié van vennootskappe. Baie vennootskappe skakel om na privaat maatskappye sodat hulle uit hierdie kriteria voordeel kan trek. Sommige besighede oorweeg die beleggingsfaktore voordat hul in vaste deposito's belê. |

Skryf 'n opstel oor ondernemingsvorme en belegging, waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die nadele van 'n vennootskap.
- Verduidelik hoe die volgende kriteria tot die sukses en/of mislukking van 'n privaat maatskappy kan bydra:
  - Bestuur
  - Wetgewing
  - Kapitaal
- Bespreek VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.
- Gee besighede raad oor die impak van vaste deposito's as 'n beleggingsgeleentheid. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES)

| |
|---|
| Daar word van besighede verwag om die ekonomiese regte en veiligheid van hulle werknemers in die werkplek te respekteer. Die gesondheids- en veiligheids-verteenwoordigers speel 'n belangrike rol om die werkplek-omgewing te beskerm. Nakoming van menseregte stel besighede in staat om diversiteit in die werkplek aan te pak. |

Skryf 'n opstel oor menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies, waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek.
- Verduidelik die rolle van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers in die beskerming van die werkplek-omgewing.
- Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek.
- Stel maniere voor waarop besighede die volgende diversiteitskwessies in die werkplek kan hanteer:
  - Geslag
  - Gestremdheid **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou